# Die dwaalleer in Kolosse (2): die boodskap van die Kolossensebrief

Wim Vergeer
Gereformeerde Kerk
Randfontein-Noord
RANDFONTEIN

**Abstract**

**The heresy in Colossians (2): The message of the Letter to the Colossians**

*In this article the aim is to investigate the applicability of the strategy used by the author of the letter to the Colossians. The contemporary socio-historic and philosophic context of the New Age Movements is used as a test-case. Various striking similarities between the New Age Movement and a heresy are consequently revealed – a heresy against which the author warns the Colossians in Col. 2:8. Cosmological, anthropological and theological similarities are pointed out. The possible message of Colossians in a first-century context and in the context of the present-day New Age Movement is revealed.*

## 1. Inleiding

In 'n vorige artikel[4] is die waarskynlike sosio-historiese en filosofiese konteks van die Kolossensebrief gekonstrueer. Die noodsaak hiervan vir die verstaan en prediking van die Kolossensebrief is aangetoon. Die resultate van genoemde artikel kan soos volg saamgevat word:

* Die rede vir die dwaalleer in Kolosse was waarskynlik 'n poging van sommige gemeentelede om as filosofiese skool sosiale identiteit te vind.

---

4 Kyk Vergeer en Janse van Rensburg (1994): "Die dwaalleer in Kolosse. 'n Konstruksie van die waarskynlike sosio-historiese en filosofiese konteks".

* Die dwaalleer was vermoedelik gebaseer op of verwant aan die kosmologie van Empedokles.

* Die waarskynlikste filosofiese konteks vir die dwaalleer in Kolosse is die eklektiese filosofie van Posidonius.

Hierdie navorsingsresultate sal egter in die lug bly hang as die implikasies daarvan vir die hedendaagse verstaan en prediking van die Kolossensebrief nie duidelik gemaak word nie. Daarom word in hierdie opvolgartikel toegespits op die boodskap van die Kolossensebrief. Ooreenkomste tussen die konteks van die eerste hoorders van die Kolossensebrief en 'n hedendaagse sosio-historiese en filosofiese verskynsel, die *New Age*-Beweging word ondersoek. Deur Paulus se strategie[5] na te volg, word ondersoek ingestel na die boodskap vir hierdie onderskeie kontekste.

## 2. Paulus se strategie

'n Uitvoerige uiteensetting van Paulus se strategie in die Kolossensebrief kom nie in hierdie artikel aan die orde nie.[6] In hoofsaak word gefokus op die strategie in Kolossense 2:17 waar Paulus die 'werklikheid' waarbinne die dwaalleer se voorskrifte geld, as *skaduwees* beskryf. Paulus benadruk in hierdie gedeelte dat die 'eintlike' werklikheid Christus is. Vir die doel van hierdie artikel word Paulus se strategie dus voorlopig as 'n *skaduwee/werklikheid*-strategie gedefinieer.

Die implikasie van hierdie strategie is dat Paulus nie die dwaalleer beveg deur dit bloot te verwerp nie, maar deur dit te relativeer. Die feit dat die dwaalleer nie bloot verwerp word nie beteken dat Paulus erns maak met die vraagstukke waarmee die dwaalleraars vanuit hulle persepsie van die werklikheid worstel. Hy maak egter erns daarmee vanuit die geopenbaarde werklikheid van Jesus Christus. Op hierdie manier bring Paulus

---

5 Met die woord *strategie* word in hierdie artikel die volgende bedoel: daardie (eietydse) metode, plan en/of benadering wat die skrywer van die Kolossensebrief gevolg het om die evangelieboodskap in 'n spesifieke konteks tuis te bring.

6 Ridderbos (1971) (in breë trekke) en Pokorny (1987:22-26) (meer spesifiek) bied 'n vollediger oorsig. Ook Van der Watt (1988) se analities-sintetiese behandeling van die semantiese redevoeringsanalise van die Kolossensebrief, bied, deur die redenasie-opbou bloot te lê, waardevolle insigte in die strategie van die skrywer.

die werklikheid van Jesus Christus in die werklikheid van die dwaalleraars ter sprake. Die antwoorde wat Paulus vanuit die werklikheid van Jesus Christus aanbied, ontmasker die antwoorde en persepsies van die dwaalleraars as skaduwees.

Hierdie strategie toon 'n ooreenkoms met Paulus se verklaring in Korintiërs: "Ek het my voorgeneem om met julle oor niks anders te praat nie as oor Jesus as die Christus, en wel oor Hom as die gekruisigde" (1 Kor. 2:2). Die strategie toon ook 'n ooreenkoms met Paulus se optrede in Atene waar hy nie die baie altare en gode wat hy in die stad gesien het, verwerp deur hulle antiteties te kritiseer nie, maar deur teties die ware God te verkondig (Hand. 17:16-34). Hierdie benaderingswyse toon ook 'n ooreenkoms met die strategie van die outeur van 1 Petrus om die geadresseerdes se vrees vir die *geeste in die gevangenis* te neutraliseer (1 Pet. 3:19-22) (vgl. Janse van Rensburg, 1988:66-68).

Die *New Age*-Beweging word as voorbeeld geneem in 'n ondersoek na die toepaslikheid van bostaande strategie vir die prediking van die Kolossensebrief in 'n hedendaagse sosio-historiese en filosofiese konteks. Eerstens word moontlike ooreenkomste tussen die leerstellings van die *New Age*-Beweging en die dwaalleer in Kolosse oorweeg en tweedens word ondersoek ingestel na die boodskap van die Kolossensebrief vir 'n hedendaagse samelewing waarin die *New Age*-Beweging aktief is.

## 3. Ooreenkomste tussen die dwaalleer van Kolosse en die *New Age*-Beweging

Die *New Age*-Beweging is al as 'n herlewing van die *old age* beskryf (Schulze, 1989:48-49). Gedagtes dat daar 'n verband tussen die Hellenistiese filosofie en die *New Age*-Beweging bestaan, word onder andere deur Arkema (1988:76) en Groothuis (1986b:6) geëggo.[7] Schulze (1989:58) kom tot die meer spesifieke konklusie dat ons met die *New Age*-Beweging terug is by Plutarchus.

7 Ander geïdentifiseerde agtergronde vir die *New Age* is die Gnostiek en Renaissance (Venter, 1990:52), die Teosofie (Schulze, 1992:133), Hindoeïsme, Boeddhisme en Okkultisme (De Bruyn, 1992:152).

Hierdie gedagtes kan belangrike implikasies hê vir die verstaan en prediking van die Kolossensebrief in 'n samelewing waar die *New Age*-Beweging aktief is. In die vorige artikel is immers aangetoon *dat* en *hoe* 'n Hellenistiese filosofie ook in die Kolossensebrief ter sprake kom. Die moontlikheid van 'n verband tussen die leerstellings van die *New Age*-Beweging en die dwaalleer in Kolosse moet dus in hierdie opsig ondersoek word. Na 'n kort uiteensetting van die leerstellings van die *New Age*-Beweging word hierdie ondersoek geloods ten opsigte van die kosmologie, die antropologie en die teologie.

## 3.1 Die *New Age*-Beweging – 'n kort tipering

Kenners[8] is dit eens dat die *New Age*-Beweging die filosofie van die hede en die toekoms is; daarom benadruk hulle die geweldige omvang, invloed en klaarblyklik onstuitbare voortgang[9] van hierdie lewensbeskouing. De Bruyn (1992:151) wys daarop dat die *New Age*-Beweging 'n beweging is wat uit 'n "bonte verskeidenheid van individue, organisasies en kultusse" bestaan en die gemeenskaplike doel van 'n alternatiewe kultuur en samelewing het. Hierdie strewe is al beskryf as 'n vlug vir rasionalisme, sciëntisme en tegnisisme, en 'n soeke na eenheid, heelheid, transendensie en holisme (Van Wyk, 1992:170).

Die *New Age*-Beweging sien 'n positiewe teken in die feit dat ons sonnestelsel (wat deur die verskillende sterrebeelde beweeg) tans uit die gebied van die vis (Pisces) en in die gebied van die waterdraer (Aquarius) inbeweeg. Volgens die *New Age*-Beweging voorspel dit 'n nuwe goue era van voorspoed en vrede. Hierdie optimistiese vooruitgangsgeloof vind byvoorbeeld weerklank in die trefferliedjie uit die rolprent *Hair*:

> When the moon is in the seventh house
> And Jupiter aligns with Mars
> Then peace will guide the planets

---

8 Onder andere Cumbey (1983:144 e.v.); Matrisciana (1985:15-27); Marrs (1987:16, 17); Groothuis (1988:31-32); Sire (1988:8-13) en Martin (1989:54-61).

9 In die jongste literatuur is daar egter aanduidings dat belangstelling in die *New Age*-Beweging in Europa en Amerika besig is om af te neem (vgl. Schulze, 1992:147). Daar moet dus daarteen gewaak word om van die *New Age*-Beweging 'n groter probleem te maak as wat dit in werklikheid is.

And love will steer the stars
This is the dawning of the Age of Aquarius
Harmony and Understanding
Sympathy and Trust abounding
No more falsehood or divisions
Golden living dreams of visions
Mystical crystal revelation
And the minds true liberation
Aquarius! Aquarius! Aquarius!

Fowler (1990:34-35) wys op spiritualiteit as die hart van die *New Age*-Beweging. Vir dié beweging is spiritualiteit die sleutel tot die verstaan van die wêreld en die mens se plek daarin. Die afgelope eeue se klem op die ontwikkeling van die intellek het noodwendig skade aan die mens se geestelike sensitiwiteit aangerig. Die *New Age*-Beweging wil hierdie wanbalans regstel (Hawken, 1975:149). De Bruyn (1992:153) meen dat hierdie klem op spiritualiteit onder andere in sekere aspekte van die beweging se mistisisme, okkultisme en feminisme sigbaar word.

Gedagterigtings wat neerslag vind in die *New Age*-Beweging se leerstellings (en wat later in hierdie artikel aan die orde kom) sluit die volgende in: monisme, panteïsme, kosmiese harmonie, reïnkarnasie, antropologiese optimisme, evolusionisme, eskatologiese verwagting en sinkretisme.

Die praktyke en tegnieke van die *New Age*-Beweging het 'n wye omvang. Die ongeveer 102 *New Age*-praktyke wat deur Baer (1989:188) uiteengesit word, sluit onder andere die volgende in: psigokinese, telepatie, heldersiendheid, joga en suksestegnieke soos visualisering.

*New Age* het egter ook 'n modewoord geword. Schulze (1989:48) en Van der Walt (1990:2-4) wys op die gevare van 'n verkeerde reaksie. Vier vlakke van betrokkenheid by die *New Age*-Beweging word deur Sprängler (1984:78-84) onderskei:

* 'n Oppervlakkige kommersiële vlak waar die begrip *New Age* eintlik net as 'n etiket gebruik word.
* 'n Tweede vlak waar die klem op die betowering en opwinding van bonatuurlike kragte val.

* As derde vlak die oortuiging dat 'n alternatiewe kultuur-, samelewings- en wêreldvisie noodsaaklik is.
* 'n Vierde vlak waar die begrip *New Age* staan vir die herlewing van die besef dat die menslike lewe en die hele wêreld ten diepste geestelik van aard is, en waar vervulling alleen in spirituele bewustheid gesoek word.

Oor die algemeen word die *New Age*-Beweging beskou as 'n ernstige gevaar vir die Christendom. Hierdie gevaar manifesteer nie in die eerste plek as 'n fisiese bedreiging nie, maar as 'n moderne sinkretisme wat alle godsdienste wil akkommodeer en tot een religieuse oortuiging en lewens- en wêreldbeskouing wil versmelt.

Die vraag is dus wat die Christen se antwoord op die *New Age*-Beweging is. Die meeste boeke en artikels oor die *New Age*-Beweging bevredig nie op hierdie punt nie.[10] Indien die *New Age*-Beweging inderdaad die bedreiging inhou soos deur sommige skrywers beweer word, bestaan daar 'n behoefte aan 'n Skrifgebaseerde kritiek en antwoord. In hierdie artikel word die moontlikheid beredeneer dat die brief aan die Kolossense gebruik kan word om sodanige kritiek en antwoord te bied. Hierdie aanname word gemaak omdat verskeie ooreenkomste tussen die dwaalleer in Kolosse en die leerstellings van die *New Age*-Beweging aangetoon kan word. Die ooreenkomste ten opsigte van die kosmologie, antropologie en teologie word vervolgens bespreek.

10 Sommige bronne gee bloot inligting weer (Anon., 1988:38). Ander skilder 'n duistere prentjie van wêreldoorheersing deur die *New Age*-Beweging en vlek allerlei vermeende geheime planne oop (Marrs, 1987:16-17). Nog ander volstaan met opmerkings dat "die Bybelse leer hier ernstig in gedrang kom" en dat "die afwykings so voor die hand liggend is dat daarop nie verder ingegaan word nie" (Schulze, 1989:57). Nog ander maak wel enkele afwysende opmerkings, maar beskou die saak daarmee as afgehandel (Arkema, 1988:79). Ook Van der Walt (1990:2-4) wys op die onbevredigende reaksies vanuit die Christendom op die *New Age*-Beweging. In onlangse publikasies word egter 'n poging aangewend om 'n meer verantwoorde en Skrifgebaseerde antwoord te bied (Van der Walt [1990], Jordaan [1992] en Schulze [1992:147] [baie kortliks].) Van Wyk (1992) reageer vanuit 'n eskatologiese perspektief.

## 3.2 Ooreenkomste ten opsigte van die kosmologie

Die dwaalleer in Kolosse en die leerstellings van die *New Age*-Beweging toon 'n ooreenkoms ten opsigte van die kosmologie as basis, die monistiese beskouing van die kosmos en die klem op harmonie in die kosmos.

### 3.2.1 Kosmologie as basis

Paulus beskrywe die dwaalleer in Kolosse as "wettiese godsdienstige reëls" (στοιχεῖα τοῦ κόσμου) (2:8). Dat hierdie uitspraak 'n aanduiding van die kosmologiese basis van die dwaalleer in Kolosse gee, is reeds beredeneer (vgl. Vergeer & Janse van Rensburg, 1994:5-7). Die kosmologie van Empedokles, as grondlegger van die kosmologie van die Griekse beskawing, is as die breedste verwysingsraamwerk geïdentifiseer (vgl. Vergeer & Janse van Rensburg, 1994:11-12). Binne hierdie breë verwysingsraamwerk kan nouer afbakenings moontlik in die kosmologieë van Philo van Alexandrië, Plutargus en Posidonius van Apamea gesoek word (vgl. Vergeer & Janse van Rensburg, 1994:18-19).[11]

Die dwaalleer in Kolosse se verband met hierdie kosmologiese basis skemer deur in gedeeltes waar die dwaling getipeer word as "wettiese godsdienstige reëls van hierdie wêreld" (τῶν στοιχείων τοῦ κόσμου), en as "'n lewe asof julle aan hierdie wêreld behoort" (ζῶντες ἐν κόσμῳ δογματίζεσθε) (2:20). Paulus se beskuldiging dat die Galasiërs dié dien "wat van nature geen gode is nie" (τοῖς φύσει μὴ οὖσιν θεοῖς) en daardeur terugkeer na "die swak en armoedige eerste beginsels" (τὰ ἀσθενη^ καὶ πτωχὰ στοιχεῖα) (Gal. 4:8-9), kan moontlik ook na hierdie kosmologiese basis verwys (vgl. Vergeer & Janse van Rensburg, 1994:7-8).

Die teologiese belang van die kosmologie van Empedokles is daarin geleë dat dit vir die eerste keer in die ontwikkeling van die Westerse denke ruimte skep vir die dimensie van die bonatuurlike binne 'n volledige

11 Schweizer (1970:251) wys daarop dat die στοιχεῖα τοῦ κόσμου mettertyd in onder andere die kosmologieë van Philo en Plutarchus verstaan is as die skeppende aanvangskragte (ἀρχαί). Volgens hierdie kosmologieë het alles tot stand gekom deur middel van die samevoeging en skeiding van die vier basiese elemente.

filosofiese sisteem (O'Brien, 1969:250). Uit die filosofie van Posidonius word duidelik dat daar in die eerste eeu 'n strewe was om die mens in hierdie kosmiese sisteem te laat tuis voel (vgl. Vergeer & Janse van Rensburg, 1994:18).

Ook die *New Age*-Beweging word begrond deur 'n kosmologie waarin die bonatuurlike 'n belangrike plek het. Die ritmiese ontstaan en verdwyning van wêrelde, die sewe sfere van materie en die onskeibare positiewe en negatiewe eksistensiële aspekte toon 'n sterk ooreenkoms met die kosmologie van Empedokles en Philo (Schweizer, 1970:249).

Soos by Posidonius (Bevan, 1965:115) speel die astrologie 'n belangrike rol in die kosmologie van die *New Age*-Beweging. *New Age*-astroloë glo dat die aarde deur evolusionêre siklusse gaan – siklusse waarvolgens die aarde tans onder die invloed van die sterrebeeld *Waterdraer* kom. Martin (1989:142) en Groothuis (1986b:6-9) wys daarop dat die *New Age*-Beweging hierdie verskynsel nie net as die beweging van sterre interpreteer nie, maar ook as die kosmologiese basis vir 'n hele lewens- en wêreldbeskouing. Matrisciana (1985:162) noem die astrologie dan ook die religie van die *New Age*-Beweging.

### 3.2.2 Monisme

Dit is nie dadelik duidelik of die dwaalleer in Kolosse 'n kosmiese monisme impliseer nie. Die feit dat die outeur van die Kolossensebrief in sy weerlegging van hierdie dwaalleer baie klem op die eenheid van Christus en die gelowiges[12] lê, en in hierdie verband die filosofies-monisties gelade begrip πλήρωμα (2:9-10)[13] gebruik, laat egter 'n sterk

---

12 Hy doen dit byvoorbeeld deur die gedagte van hoof en liggaam ("Hy is die *hoof* van die *liggaam*, van die kerk" ... "en hy hou nie aan die *hoof*, aan Christus, vas nie. Uit Christus groei die hele *liggaam*, ondersteun deur die gewrigte en saamgebind deur die spiere, soos God dit laat groei") (1:18, 2:19), en die gebruik van gerealiseerde eskatologie ("Maar nou het Hy ook julle met Homself versoen deurdat sy Seun as mens gesterwe het om julle heilig, sonder smet en onberispelik voor Hom te stel" ... "en in verbondenheid met Hom deel julle in sy volheid". "Aangesien julle saam met Christus uit die dood opgewek is") (1:22, 2:10, 3:1).

13 "In Hom is die *volle wese* van God beliggaam, en in verbondenheid met Hom deel julle in sy *volheid*".

vermoede ontstaan dat die dwaalleer wel 'n weg na die eenheid van mense en gode verkondig het.

Eers uit die geïdentifiseerde kosmologiese basis van die dwaalleer in Kolosse word dit duidelik dat monisme, of ten minste 'n monistiese ideaal, wel in die prentjie is. Alhoewel die filosofie van Empedokles in wese dualisties is omdat dit die andersheid van mense en gode leer (Spier, 1959:22), bevat dit terselfdertyd 'n monistiese ideaal. Die dualisme word verklaar vanuit 'haat' as kosmiese krag – 'n krag wat die elemente uit mekaar dryf. Onder die invloed van 'liefde' bestaan daar volgens Empedokles die moontlikheid van 'n kosmiese eenheid waarin alles saamgebind word tot een sfeer. Ook Empedokles se strewe om die goddelike element te bereik en een te word met die gode, getuig van 'n monistiese ideaal (vgl. Vergeer & Janse van Rensburg, 1994:11).

Dit is egter in die filosofie van Posidonius dat die kosmologie van Empedokles tot ware monisme gevoer word. As eklektiese filosoof aanvaar hy die Stoïsynse gedagte van die kosmos as een groot stad waarvan sowel mense as gode burgers is (Bevan, 1965:102-103). Die goddelike is gebind aan die kosmos en bestaan in elke deel daarvan. Die belangrike implikasies van hierdie immanensie van die goddelike in die kosmos is in die vorige artikel bespreek.

Navorsers is dit eens dat die *New Age*-Beweging suiwer monisties ingestel is.[14] Groothuis (1986a:18-20) wys daarop dat die eenheid van alle dinge die basiese vertrekpunt van die *New Age*-Beweging is. Hy (1986a:18) sê: "All is interrelated, interdependant and interpenetrating. Ultimately there is no difference between God, a person, a carrot or a rock".

Uit die monisme as vertrekpunt tree ook die *New Age*-Beweging se ideaal van harmonie met die kosmos na vore.

### 3.2.3 Harmonie

Die 'voorskrifte en reëls' van die dwaalleer in Kolosse (2:8, 16, 20-22) toon 'n ooreenkoms met die tipiese filosofiese gedragskodes van daardie

[14] Die monisme van die *New Age*-Beweging word oortuigend deur Van der Walt (1990:12) en De Bruyn (1992:156) bewys en bespreek. Venter (1990:65, 71) lê die universalisme van *New Agers* soos MacLaine en Capra bloot.

tyd.[15] Die doel van hierdie voorskrifte was om deur middel van kultus, voorskrifte en die onderhouding van feesdae die harmonie in die kosmos uit te beeld en sodoende te bevorder (Schweizer, 1970:256; Lohse, 1964:31 e.v.). Philo (*Rer. Div. Her.*, 199, 266; *Spec. Leg.*, I, 210) lê baie klem op die tempelkultus as danksegging vir en instandhouding van die harmonie van die kosmos.

Harmonie met die kosmos, in die sin van 'n 'natuurlike lewe' was 'n gemeenskaplike deler by al die Hellenistiese filosowe (Meeks, 1986:60-61). Volgens die filosofie van Empedokles is harmonie tussen die verskillende elemente van die kosmos van die uiterste belang. Wanneer hierdie harmonie versteur word, kom die mens as mikrokosmos self in gedrang omdat hy uit dieselfde elemente as die kosmos saamgestel is. Die twee kragte wat die samevoeging en skeiding van die vier elemente bepaal, het 'n invloed op harmonie. Haat veroorsaak disharmonie en verdere verdeling van die elemente, terwyl liefde die harmonie en samevoeging van die elemente aktiveer (vgl. Vergeer & Janse van Rensburg, 1994:11).

Kosmiese harmonie speel ook in die filosofie van die *New Age*-Beweging 'n belangrike rol. Die *New Age*-Beweging handhaaf die ideaal van 'n harmonie wat 'n aardse vergestalting van die harmonieuse konvergensie van hemelliggame in die sterrewêreld daarstel (Arkema, 1988:77; Martin, 1989:146). Hierdie uiterlike harmonie moet ook innerlik by die mens gevestig word.

Om innerlike harmonie te verkry, moet die aanhangers van die *New Age*-Beweging hulle oefen in 'eenwording met die kosmos'. Die basis van hierdie praktyk is selfrealisering. Van der Walt (1990:18) wys in hierdie opsig op twee moontlikhede: selfrealisering deur selfverwerkliking of selfrealisering deur selfverlies.

'n Lewe in harmonie met die omgewing, die kweek van 'n planetêre bewussyn, natuurbewaring, bewaring van bedreigde spesies en ander

---

15 Die ooreenkoms tussen die dwaalleer van Kolosse en die gedragskodes van die filosofie van Empedokles/Plutargus is opmerklik: die dwaalleer van Kolosse het ook duidelik eetvoorskrifte (2:21), raakvoorskrifte (2:21), gedragsvoorskrifte (2:23) en verpligte feesdae (2:16) ingesluit. Schweizer (1970:254-255) berig dat die volgelinge van Empedokles hulle van alle vleis en seksuele dade moes onthou.

soortgelyke sake het dus hoë prioriteit op die *New Age*-Beweging se agenda (Martin, 1989:135). Nie alleen die voortbestaan van 'n dierespesie of die skoonheid van die natuur is vir hulle op die spel nie, maar die harmonie en dus die voortbestaan van die hele kosmos.

## 3.3 Ooreenkomste ten opsigte van die antropologie

Ooreenkomste ten opsigte van die oorsprong en rigting van die mens, die verhouding tussen die mens en kosmiese magte en menslike evolusionêre selfverbetering word vervolgens bespreek.

### 3.3.1 Die mens se oorsprong en rigting

In die filosofie van Empedokles en Posidonius word die mens voorgestel as 'n mikrokosmos van die kosmos (as makrokosmos) (vgl. Vergeer & Janse van Rensburg, 1994:11). Dit wat in die voorafgaande bespreking ten opsigte van die samestelling van die kosmos gesê is, het dus betrekking op die antropologie. Die mens bestaan uit dieselfde elemente as die kosmos. 'n Harmonieuse en stabiele balans tussen die verskillende elemente van die kosmos is vir die mens van wesensbelang.

In die filosofie van Empedokles is hierdie ideaal nagestreef deur gedrag wat die mens in harmonie met die kosmos plaas (Schweizer, 1970:250-252). Posidonius was van mening dat die rede die goddelike deel in die mens is, en dat die mens nader beweeg aan die goddelike namate hy daarin slaag om die irrasionele deur die rasionele te beheer (vgl. Vergeer & Janse van Rensburg, 1994:11).

Alhoewel ons in die Kolossensebrief geen duidelike riglyne oor die samestelling van die mens vind nie, weet ons wel dat die ondersteuners van die dwaalleer van Kolosse gelewe het "asof hulle aan die wêreld behoort" (ζῶντες ἐν κόσμῳ δογματίζεσθε) (2:20). Hulle dwaling het onder andere daaruit bestaan dat hulle oortuig was dat hulle deur selfbeheersing (2:23) en nakoming van sekere gedragskodes (2:20-21) godsdienstige voordeel kon bereik.

Die wesentlike van hierdie antropologie was die korrekte etiese gedrag van die mens. Deur korrekte etiese gedrag kon die mens die 'goeie lewe' (*'n lewe in ooreenstemming met die gode*) bereik (Meeks, 1986:60). Die

dwaalleer in Kolosse se waarskynlike strewe na πλήρωμα (2:9-10) deur die nakoming van voorskrifte, eggo hierdie ideaal.

Die gedagte dat die mens 'n mikrokosmos binne 'n makrokosmos is, word ook deur die *New Age*-Beweging ondersteun (Van der Walt, 1990:17). Die mens as mikrokosmos ontstaan as 'n emanasie van die goddelike (De Bruyn, 1992:160). Die taak van die mens is eerstens die bewuswording van die feit dat hy 'n deel van die kosmos is, en tweedens 'n doelbewuste realisering van hierdie eenheid. Ook in die Kolossensebrief speel die bewuswording van 'n eenheid (2:19)[16] en die realisering van 'n eenheid (3:11, 14)[17] 'n belangrike rol.

Die *New Age*-Beweging glo dat die rigting van die mens se lewe bepaal word deur *karma* (die lot wat bepaal word deur die mens se goeie en slegte werke op aarde), en dat die mens se uiteindelike strewe gerig is op *nirwana* (die hoogste geluk – 'n eenword met die gode) (De Bruyn, 1992:161-162).

### 3.3.2 Kontak met kosmiese magte

In die filosofie van Empedokles en Posidonius is die kontak met kosmiese magte as noodsaaklik beskou vir die uiteindelike verwerwing van die ewige lewe. Die kontak met 'n δαίμων of gevalle godheid was nodig om as middelaar die pad na die goddelike element aan te toon (vgl. Vergeer & Janse van Rensburg, 1994:11, 20). Alhoewel Empedokles (*Fragment 6*) reeds godename aan die vier verskillende elemente toegeken het, is in die eerste-eeuse verwerkings van sy kosmologie ook sterre en hemelliggame aanbid. Hierdie aanbiddingskultus verteenwoordig ook 'n strewe na 'n lewe in harmonie met die kosmos (Schweizer, 1970:47-48).

Dit blyk dat die dwaalleer van Kolosse die invloed van hemelwesens op die lewe op aarde erken het, en die kontak met hemelwesens as 'n

16 "Uit Christus groei die hele liggaam, ondersteun deur die gewrigte en saamgebind deur die spiere, soos God dit laat groei."

17 "Hier is Christus alles in almal." ... "Bo alles moet julle mekaar liefhê. Dit is die band wat julle tot volmaakte eenheid saambind."

noodsaaklike deel van die korrekte etiese gedrag beskou het (2:18)[18]. Indien die moontlike verband tussen die engelaanbidding in Kolosse en die engele van Galasië (Gal. 3:19)[19] verreken word, tree die gedagte van hemelwesens as 'middelaars' (wat ook in die leerstellings van die *New Age*-Beweging figureer) sterk op die voorgrond (vgl. Schlier, 1949:116-119; 134).

Die erkenning van, en kontak met kosmiese magte speel ook in die *New Age*-Beweging 'n belangrike rol. In haar boek *Dancing in the Light* (1985) maak Maclaine, as eksponent van die *New Age*, melding van haar kommunikasie met geeste en die positiewe invloed daarvan op haar lewe. Die noue verband tussen die *New Age*-Beweging en okkultisme word dan ook deur verskeie skrywers aangetoon.[20] 'n Deel van die aantrekkingskrag van die *New Age*-Beweging vir die Westerling is die geheimsinnige betrokkenheid by kragte en magte waarmee hy normaalweg nie te doen kry nie. Hierdie kosmiese magte sou 'n bemiddellende rol speel ten opsigte van die mens se ervaring van die kosmiese eenheid en harmonie. Kosmiese kragte en magte word geaktiveer en ervaar deur onder andere transendentale reise, séances, toorkuns, rituele, handlesery, sterre-wiggelary en kanalisering (vgl. Arkema, 1988:77-78).

### 3.3.3 Menslike evolusionêre selfverbetering

Die kosmologieë van Empedokles en Posidonius lei uiteindelik tot 'n antropologie waarin die mens homself tot die domein van die gode kan opgradeer. Die mens het reeds die goddelike element (vuur/rede) in homself, en moet deur die regte kennis en die regte 'deugdelike' lewenswyse eenheid met die gode vind (Schweizer, 1970:252-254).[21]

---

18 "Moenie dat iemand wat behae skep in danige nederigheid en in die aanbidding van engele en wat voorgee dat hy allerhande visioene gesien het, julle daarmee mislei nie."

19 "Engele het die wet deur middel van 'n tussenganger aan die volk gegee."

20 Byvoorbeeld deur Martin (1989:14-15); Venter (1990:59-63); De Bruyn (1992: 154-155) en Schulze (1992:145).

21 Hierdie standpunt word ook sigbaar in die persoonlike lewe van Empedokles wat homself as 'n god beskou het (Vorländer, 1971:39).

Hierdie redelik algemene eerste-eeuse ideaal van volmaakte deugdelikheid (vgl. Vergeer & Janse van Rensburg, 1994:13-15) het 'n strewe na voortdurende selfverbetering na vore gebring. Reïnkarnasie het in hierdie proses 'n belangrike rol gespeel (Brenk, 1977:69 e.v.). In die mate wat die mens nie daarin slaag om aan die goddelike element deel te kry nie, kom sy "siel" (ψυχή) nooit tot rus nie, maar word dit telkens gereïnkarneer (Vorländer, 1971:39).

Alhoewel die saak van reïnkarnasie nie pertinent in die Kolossensebrief ter sprake kom nie, is die evolusionêre selfverbeteringsgeloof wel deeglik in die kollig. Die outeur beskuldig die dwaalleraars daarvan dat hulle hulle danig nederig voordoen (2:18, 23) maar dat hierdie optrede inderwaarheid net 'n dekmantel vir selfverheffing en eiewaan is (2:18). Hulle leerstellings het net "'n skyn van wysheid" (λόγον μὲν ἔχοντα σοφίας), maar "geen waarde vir die beteueling van die sondige drifte nie" (οὐκ ἐν τιμῇ τινι πρὸς πλησμονὴν τῆς σαρκός) (2:23).

'n Moontlike verdere bewys dat die dwaalleer in Kolosse aan 'n evolusionêre vooruitgangsgeloof gekoppel kan word, tree in die Galasiërbrief na vore. Wanneer die Galasiërs hulle skuldig maak aan diensbaarheid aan die στοιχεῖα τοῦ κόσμου (4:3, 9)[22] word daar gesê dat hulle "in die Gees begin het" (ἐναρξάμενοι πνεύματι), maar "in eie krag wil eindig" (σαρκὶ ἐπιτελεῖσθε) (3:3).

Ook by die *New Age*-Beweging speel die geleentheid tot selfverbetering deur reïnkarnasie 'n groot rol (vgl. Van der Walt, 1990:22).[23] Martin (1989:34-35) wys op reïnkarnasie as een van die hoekstene van die *New Age*-Beweging: slegs deur reïnkarnasie kan 'n mens mettertyd groei na volmaakte bewussyn en deel word van die goddelike. Bailey (1948:116-117) beweer dat die beliggaamde siel van die mens voortdurend na die

---

22 "Toe ons nog geestelik onmondig was, was ons slawe van *wettiese godsdienstige reëls*"... "Maar noudat julle Hom leer ken het, of liewer, noudat Hy julle ken, hoe val julle dan nou weer terug na daardie minderwaardige en armsalige *wettiese godsdienstige reëls*?"

23 Anders as by die *New Age*-Beweging word reïnkarnasie nie in die ou Griekse filosofieë verheerlik nie, maar as 'n straf op 'n mislukte lewe beskou.

skool van die aarde moet terugkeer om 'n proses van vervolmaking te ondergaan.

In hierdie lig is dit nie vreemd dat selfvervullingspraktyke dikwels in die *New Age*-Beweging voorkom nie. Veral in die sakewêreld vind hierdie selfvervullingsgedagtes van die *New Age*-Beweging dikwels ingang deur kursusse oor selfmotivering, selfverwerkliking, ontspanningstegnieke en selfbeeld. Langs hierdie weg word die mens beskou as 'n vermomde god (Groothuis, 1986a:21) – net onkunde staan in die weg daarvan dat die mens sy eie goddelikheid realiseer. Leonard (1981:105) skryf in verband met die onverwesenlikte potensiaal van elke mens: "Each of us is the entire universe" en: "We are like a God, omnipotent and omniscient".

## 3.4 Ooreenkomste ten opsigte van die teologie

Ooreenkomste tussen die dwaalleer in Kolosse en die *New Age*-Beweging word vervolgens ten opsigte van panteïstiese, soteriologiese, sinkretistiese en eskatologiese trekke ondersoek.

### 3.4.1 Panteïsme

Die woord *panteïsme* dui op die teologiese standpunt wat leer dat alles god is. Alhoewel dit uit die beskikbare fragmente nie duidelik is of Empedokles hierdie leer ondersteun het nie,[24] bied sy kosmologie die basis vir eerste-eeuse panteïstiese beskouings soos dié van Posidonius. Volgens Posidonius (Diog. Laert., *Lives.*, VII,148) is die hele wêreld die materie van die goddelike.

Dat die dwaalleer in Kolosse ook teologiese aansprake maak, word duidelik uit die feit dat Paulus die dwaalleer 'n "godsdiens" noem (2:23). Hierdie godsdiens is egter "eiesinnig" of "mensgemaak". Die dwaalleraars se diens aan engele (2:18) asook die Kolossensebrief se sterk klem op die oorwinning van bonatuurlike magte (1:16; 2:15) dui ten minste op 'n veelgodendom waarin dele van die kosmos as goddelik beskou is.

24 Volgens Vorländer (1971:39) onderskei hy in fragment 134 tussen godheid en die mens, maar tog leer hy dat die mens deur 'n louteringsproses deel aan die hoogste (goddelike) element kan kry. Hierdeur word 'n element van die kosmos tot god verhef.

Uit die reeds beredeneerde verband tussen die στοιχεῖα τοῦ κόσμου in Kolossense en Galasiërs (vgl. Vergeer & Janse van Rensburg, 1994:7-8) tree nog 'n moontlike panteïstiese trek na vore. Die στοιχεῖα-diens sou dit "wat van nature geen gode is nie" (τοῖς φύσει μὴ οὖσιν θεοῖς) tot gode verhef (Gal. 4:8-9).

Die panteïsme van die *New Age*-Beweging is in verskeie publikasies goed gedokumenteer.[25] Die sprong vanaf die monistiese stelling dat alles een is, tot by die belydenis dat alles god is, is nie groot nie. Groothuis (1986a:20) wys daarop dat volgens die *New Age*-Beweging alle dinge deel het aan die essensie van goddelikheid. God kan daarom ook nie 'n persoonlike god wees nie, maar word veel eerder as 'n onpersoonlike energie, mag of bewussyn beskou.

Panteïsme staan ook nie ver van ateïsme af nie. Indien alles god is, is daar ook niks wat werklik god is nie. Volgens die *New Age*-Beweging is god inderdaad bewus van elke mossie wat val, want hy is elke mossie wat val (Martin, 1989:2-28).

### 3.4.2 Soteriologie

Schweizer (1970:252-265) wys in 'n interessante artikel op die verlossingsgedagte by Empedokles. Hiervolgens reis die ψυχή ('siel') deur die verskillende elemente met die doel om die hoogste en goddelike element, naamlik vuur, te bereik. Eers daar vind die ψυχή rus en vrede. Sassen (1949:28) wys daarop dat verlossing by Empedokles die vorm van 'n suiweringsproses aanneem. Hierdie gedagte leef voort in die filosofie van Posidonius (vgl. Vergeer & Janse van Rensburg, 1994:20). Die konsekwensie van hierdie beskouing is dat sonde vervlak word tot disharmonie met die kosmos, terwyl verlossing die harmoniese eenwording met die hoogste element is.

Die soteriologie kom ook in die Kolossensebrief ter sprake. Al die voorskrifte waarop die dwaalleer aandring, het "geen waarde vir die beteueling van die sondige drifte van die mens nie" (οὐκ ἐν τιμῇ τινι πρὸς πλησμονὴν τῆς σαρκός) (2:23). Waar die Kolossensebrief dus die

25 Vergelyk byvoorbeeld Van der Walt (1990:13-16), Venter (1990:54) en De Bruyn (1992:15-158).

*drifte van die mens* as oorsaak van die sonde aantoon, dui die dwaalleer as oorsprong van die kwaad op 'n lewe wat nie in ooreenstemming met die στοιχεῖα τοῦ κόσμου is nie. Die soteriologie van die dwaalleer word verder as "nie volgens Christus nie" (οὐ κατὰ Χριστόν) getipeer (2:8).

Dit wil voorkom of die verwronge sondebegrip waarvan die dwaalleer in Kolosse uitgaan, ook in die *New Age*-Beweging gevind word.

Sonde is vir die *New Age*-Beweging niks anders as onkunde nie (De Bruyn, 1992:160). Op grond van hierdie leerstelling beskou die *New Age*-Beweging Christelike verlossing ook as onnodig en beskuldig hulle die Christendom daarvan dat dit 'n valse gevoel van skuld lewend hou (Martin, 1989:31-32). Sprängler (1978:39), as eksponent van die *New Age*-Beweging, beweer dat die mens sy eie verlosser is, net soos hy sy eie Satan is. Verlossing is die mens se bewustelike aanvaarding van en deelname aan die *New Age*. Vir die *New Age*-Beweging impliseer verlossing die bevryding van die disharmonie met die res van die kosmos (Jordaan, 1992:193).

### 3.4.3 Sinkretisme

Alhoewel daar in die fragmente van Empedokles geen aanduiding van sinkretisme was nie, is sy kosmologie sedert die eerste eeu telkens gebruik as basis vir versmeltings tussen leerstellings van die Hellenistiese filosofie en die Christelike godsdiens.[26] Die gedagte van sinkretisme kom wel in die filosofie van Posidonius na vore, maar nie as 'n versmelting van godsdienste nie. Vir hom is alles (in eg stoïsynse tradisie) fisika (Heinemann, 1968b:31).

Verskeie navorsers beskou die dwaalleer in Kolosse as 'n poging tot sinkretisme.[27] Dat hierdie sinkretisme moontlik uit 'n vroeg-Christelike sosiale identiteitskrisis voortgevloei het, is reeds beredeneer (vgl. Vergeer & Janse van Rensburg, 1994:9-10).

---

[26] As voorbeeld hiervan geld die geskrifte van Philo en die vroeë Gnostisisme van die tweede eeu.

[27] Byvoorbeeld Ritschl (1900), Dibelius (1927), Schlier (1949) en Bornkamm (1952).

Dit is opmerklik dat Paulus nie die persone wat die dwaalleer van Kolosse ondersteun het, as ongelowiges tipeer nie.[28] Uit die aanhef van die brief (1:2) blyk dat Paulus hulle steeds as gelowiges beskou en benader.[29] Uit 2:6 blyk dat hulle Christus as Here aangeneem het.[30] Dit wil voorkom of die gelowiges van Kolosse aan die band met Christus wou vashou, maar ook steeds wou volhou met die onderhouding van allerhande wettiese godsdienstige reëls, soos voor hulle bekering.

Die *New Age*-Beweging is by uitstek ingestel op sinkretisme (Van der Walt, 1990:21, 22; Venter, 1990:55). Alle godsdienste word in hierdie filosofie as gelyk beskou. Groothuis (1986b:20) wys daarop dat die standpunte dat alles een is, dat alles god is en dat ons god is, outomaties lei tot die standpunt dat alle godsdienste in wese dieselfde dinge ondervind en leer. Jesus, Lao Tze, Krishna en Boeddha verteenwoordig binne die *New Age*-Beweging maar net sommige van die baie paaie wat na die waarheid lei.

### 3.4.4 Eskatologie

Die toekomsverwagting in die filosofie van Empedokles word bepaal deur sy beskouing oor kosmiese beweging. Hierdie beweging is siklies van aard en word deur twee kragte (liefde en haat) bepaal (O'Brien, 1969:1). Alternatiewe wêrelde van toenemende liefde of toenemende haat volg mekaar in 'n eindelose sikliese beweging op (vgl. Vergeer & Janse van Rensburg, 1994:11). Volgens Posidonius (*Diog. Laert.*, VII,149) word alles in die kosmos deur 'n gepredestineerde *lot* of *rede* bepaal. Omdat die goddelike 'n deel van die kosmos is, het die kosmos geen begin of einde nie (Edelstein, 1936:293). Op grond van die *rede* as universele en bepalende element leer Posidonius dat die astrologie gebruik kan word vir die voorspelling van gebeure op aarde (Bevan, 1965:115).

---

[28] Roberts (1988:812) meen dat die dwaalleer 'n interne bedreiging van die gemeente van Kolosse was, en dat daar eerder van 'fouteerders' as van 'dwaalleraars' gepraat moet word.

[29] "Aan almal in Kolosse wat aan God behoort, getroue broers in Christus."

[30] "Aangesien julle dan Christus Jesus as Here aangeneem het."

Dit is waarskynlik dat die dwaalleer in Kolosse by hierdie toekomsverwagting aansluit. Die dwaalleraars se aanspraak dat hulle visioene gesien het (2:18), kan ook moontlik eskatologiese betekenis hê.

Van Wyk (1992:169-185) en Jordaan (1992:18-203) gee albei 'n goeie oorsig oor die eskatologiese verwagting van die *New Age*-Beweging. Vanuit kosmiese en astrale beweging (vgl. 3.1) verklaar die *New Age*-Beweging die aanbreek van 'n nuwe bedeling van vrede en harmonie. Die eskatologiese verwagting van die *New Age*-Beweging kan dus as 'n gedeeltelik gerealiseerde eskatologie beskou word. Die verdere realisering van die nuwe eeu van vrede is egter in die mens se hande (Van der Walt, 1990:19-20).

## 4. Die boodskap van die Kolossensebrief in 'n eerste-eeuse en 'n hedendaagse *New Age*-konteks

'n Poging word vervolgens aangewend om deur die toepassing van die *skaduwee-/werklikheids*-kontekstualiseringstrategie die boodskap van die Kolossensebrief in 'n eerste-eeuse en 'n hedendaagse *New Age*-konteks te bepaal. Hierdie strategie behels dat daar erns gemaak word met die vraagstukke waarmee mense wat 'n bepaalde persepsie van die werklikheid het, worstel. 'n Antwoord op hierdie vraagstukke word gegee deur hulle vanuit die werklikheid van Christus te benader. 'n Benadering waarin die werklikheid van Christus sentraal staan, word in onderstaande paragrawe ondemeem ten opsigte van kosmologiese, antropologiese en teologiese vraagstukke.

### 4.1 Boodskap ten opsigte van die kosmologie

Meer as in enige ander boek van die Nuwe Testament openbaar die Kolossensebrief die kosmiese betekenis van Christus. Die rede hiervoor is waarskynlik dat Paulus, vanuit die werklikheid van Christus, ingrypend ingaan op vrae rondom die basis, die samestelling en die bestuur van die kosmos – vrae waarop die dwaalleer in Kolosse en die *New Age*-Beweging vanuit die kosmologieë van Empedokles en Posidonius 'n antwoord probeer gee.

Skeppende aanvangskragte wat in die eerste eeu na Christus bekend gestaan het as στοιχεῖα τοῦ κόσμου en ἀρχαὶ ("vertrekpunt") (waardeur

die hele kosmos saamgevoeg [συνέστηκεν] word [vgl. 3.2.1, n.6]), word in eietydse taal deur Paulus aangewend om die kosmiese betekenis van Christus aan te dui. Hy is die Eerste (ἀρχή) (1:18) wat al die ander ἀρχαὶ oorwin en ontwapen het (2:15)[31], en wat mense verlos het van die στοιχεῖα τοῦ κόσμου (2:20).[32] Hy is die Een deur Wie alle dinge "geskape is" (ἐκτίσθη) (1:16) en deur Wie alle dinge "standhou" (συνέστηκεν) (2:17).

Uit die monistiese ideaal van sowel die dwaalleer in Kolosse as die *New Age*-Beweging ontstaan die behoefte van die mens om sy plek in die kosmos te bepaal. Die mens wil nie net weet wat die basis van die kosmos is nie, maar wil ook weet wat sy verhouding met daardie basis is. Die antwoord van die dwaalleer in Kolosse en die *New Age*-Beweging in hierdie verband is dat die mens deel het aan die kosmiese basis, in die mate wat hy daarin slaag om op 'n sekere manier te lewe. Die noodsaak van kultus- en ander voorskrifte (volgens die eerste beginsels van die wêreld) om die harmonie van die kosmos te bewaar, tree in hierdie aannames op die voorgrond.

Volgens die kontekstualiseringstrategie van die Kolossensebrief word hierdie voorskrifte gesien as *skaduwees* teenoor die *werklikheid* van die volmaakte versoening van die hele kosmos met Christus (1:20-22).[33]

Uit verskeie verse in die Kolossensebrief kan afgelei word dat die monistiese ideaal in Christus vervul is:

---

31 "Hy het elke mag en gesag ontwapen en hulle in die openbaar vertoon deur hulle as gevangenes in die triomftog van Christus mee te voer."

32 "Julle het saam met Christus gesterwe en is dus dood vir die wettiese godsdienstige reëls van hierdie wêreld."

33 "... en om deur Hom alles met Homself te *versoen*. Deur die bloed van sy Seun aan die kruis het Hy die vrede herstel, deur Hom het Hy alles op die aarde en in die hemel met Homself *versoen*. Ook julle was voorheen ver van God af en vyandiggesind teenoor Hom, soos blyk uit julle sondige lewenswyse. Maar nou het Hy ook julle met Homself *versoen* deurdat sy Seun as mens gesterwe het om julle heilig, sonder smet en onberispelik voor Hom te stel."

* Christus is die Hoof van die skepping en herskepping (1:15-18).[34]
* In Christus woon die volheid van God en in Hom deel gelowiges in daardie volheid (2:9-10).[35]
* Gelowiges is saam met Christus begrawe en saam met Hom opgewek (2:12).[36]
* Met die wederkoms sal gelowiges ook in sy heerlikheid deel (3:4).[37]

Deur die werklikheid van Christus vanuit die persepsie van die dwaalleer in Kolosse aan die orde te stel, blyk dat die mens sy lewe nie hoef te laat bepaal deur die verbondenheid aan die beweging van hemelliggame of kosmiese magte nie. Hierdie magte is deur Christus oorwin, ontwapen en word volgens 'n tipiese eerste-eeuse gebruik, as gevangenes in 'n straatoptog tentoongestel (2:15).[38]

Die verbondenheid met Christus (2:19) is die manier waarop die mens sy ware plek in die kosmos vind. 'n Móontlike verbinding tussen die gebruik

34 "Die Seun is die beeld van God, van God wat self nie gesien kan word nie. Die Seun is die Eerste, verhewe bo die hele skepping. God het deur Hom alles geskep wat in die hemel en op die aarde is: alles wat gesien kan word en alles wat nie gesien kan word nie, konings, heersers, maghebbers, gesagvoerders. Alles is deur Hom en vir Hom geskep. Voor alles was Hy al daar, en deur Hom bly alles in stand. Hy is die hoof van die liggaam, van die kerk. Hy is die oorsprong daarvan, Hy is die Eerste, die Een wat uit die dood opgestaan het, sodat Hy die eerste plek in die heelal inneem."

35 "In Hom is die volle wese van God beliggaam, en in verbondenheid met Hom deel julle in sy volheid. Hy is die hoof oor elke mag en gesag."

36 "Dit het by die doop gebeur deurdat julle toe saam met Hom begrawe is. Deur julle verbondenheid met Hom is julle ook saam met Hom opgewek, omdat julle geglo het in die krag van God wat Hom uit die dood opgewek het."

37 "Wanneer Christus, wat julle lewe is, by sy wederkoms verskyn, sal julle ook saam met Hom verskyn en in sy heerlikheid deel."

38 "Hy het elke mag en gesag ontwapen en hulle in die openbaar vertoon deur hulle as gevangenes in die triomftog van Christus mee te voer."

van die begrip σῶμα ("liggaam") in 1:18; 2:17 en 2:19[39] dui op die kerk as alternatiewe kosmos waar die verbondenheid met Christus tot sy reg kom.[40]

Die kontekstualiseringstrategie wat die skrywer van die Kolossensebrief volg, lê nie net die ware identiteit van die *kosmiese Basis* bloot nie, maar gee ook ware identiteit aan diegene wat deur die geloof aan daardie *kosmiese Basis* verbind is. Sodoende los hy die identiteitskrisis op wat waarskynlik tot die dwaalleer aanleiding gegee het.

## 4.2 Boodskap ten opsigte van die antropologie

Die idee dat die goddelike in sowel die kosmos as die mens bestaan (die idee van *connate pneuma*) vind sy oorsprong in die filosofie van Empedokles (Jaeger, 1913:53-54) en word later uitgebou in die filosofie van Posidonius (vgl. Vergeer & Janse van Rensburg, 1994:18). Volgens hierdie beskouing was die mens nie (soos voorheen beskou) uitgelewer aan die willekeur van die gode nie, maar kon hy self invloed op die bonatuurlike uitoefen en só sy lotsbestemming bepaal. Hierdie *immanensie van die goddelike* het as antropologiese vraagstuk die etiese verantwoordelikheid van die mens in die eerste-eeuse samelewing op die voorgrond gedwing.

Die φιλοσοφία ("filosofie") van die dwaalleer in Kolosse kan as deel van 'n moontlike antwoord op hierdie vraagstuk beskou word (vgl. Vergeer & Janse van Rensburg, 1994:9-10). Die kontekstualiseringstrategie van die Kolossensebrief vereis dat erns gemaak word met bogenoemde vraagstuk. 'n Eiesoortige antwoord vanuit die werklikheid van Jesus Christus moet daarop gebied word.

---

39 "Hy is die hoof van die liggaam, van die kerk" (και αὐτός ἐστιν ἡ κεφαλὴ τοῦ σώματος, τῆς ἐκκλησίας) ... "Dit is alles maar net die skaduwee van wat sou kom; die werklikheid is Christus" (ἅ ἐστιν σκιὰ τῶν μελλόντων, τὸ δὲ σῶμα τοῦ Χριστοῦ). "Uit Christus groei die hele liggaam, ondersteun deur die gewrigte en saamgebind deur die spiere, soos God dit laat groei" (ἐξ οὗ πᾶν τὸ σῶμα διὰ τῶν ἁφῶν καὶ συνδέσμων ἐπιχορηγούμενον καὶ συμβιβαζόμενον αὔξει τὴν αὔξησιν τοῦ θεοῦ).

40 Hierdie gedagte word deur onder andere Dibelius (1927) en Zeilinger (1974) ondersteun. Gnilka (1980) en Martin (1972) opponeer dit egter.

Die skrywer van die Kolossensebrief gebruik hierdie kontekstualiseringstrategie deur aan te sluit by die gedagte van die *immanensie van die goddelike.* Hy noem dit 'n "geheimenis" (μυστήριον). Die inhoud van hierdie μυστήριον, wat vir eeue verborge was maar nou geopenbaar is, is "Christus is in julle" (Χριστὸς ἐν ὑμῖν) (1:27). Deur die bevestiging van die *immanensie van die goddelike* kom die skrywer onmiddellik in die ervaringswêreld van sy eerste-eeuse lesers.

Veel meer as by die dwaalleer in Kolosse en die *New Age*-Beweging, word die utopiese uitsig van die individu egter deur die skrywer van die Kolossensebrief as 'n gerealiseerde werklikheid gestel – maar dan 'n gerealiseerde werklikheid in Christus. Die mens word nie aanhoudend gereïnkarneer totdat hy daarin slaag om reg te lewe nie, maar die gelowige het "reeds gesterwe" (ἀπεθάνετε) en sy lewe is "saam met Christus verborge in God" (καὶ ἡ ζωὴ ὑμῶν κέκρυπται σὺν τῷ Χριστῷ ἐν τῷ θεῷ) (3:3). Die utopie is dus nie iets wat van die mens afhang en in reïnkarnasie op reïnkarnasie nagestreef moet word nie, maar word in die geloofsband met Christus gewaarborg (1:22).[41]

In hulle strewe na kontak met en deelneming aan die goddelike soek Hellenistiese filosowe en *New Agers* na 'helpers' uit die bonatuurlike wêreld wat as tussengangers kan optree. Ook op hierdie vraagstuk reageer die skrywer van die Kolossensebrief. Hy doen dit deur 'n uitvoerige Logoslied waarin hy die middelaarskap van Christus beskryf (Kol. 1:15-20). Die gelowige het geen verdwaalde δαίμων (kosmiese gees) nodig om sy ware plek in die kosmos te vind nie – hy het God self (Jesus Christus) as Middelaar!

In 'n moontlike toepassing van dieselfde kontekstualiseringstrategie word daar in Galasiërs 3:19-20 op die middelaarskap van die engele en die wet gewys.[42] Hierdie gedeelte moet egter in verband met Galasiërs 4:3-4

41 "Maar nou het Hy ook julle met Homself versoen deurdat sy Seun as mens gesterwe het om julle heilig, sonder smet en onberispelik voor Hom te stel."

42 "Watter doel dien die wet dan? Dit is later bygevoeg as gevolg van die sonde, en dit is bedoel vir die tyd totdat die nakomeling op wie die belofte betrekking het, sou kom. Engele het die wet deur middel van 'n tussenganger aan die volk gegee. Maar as daar net één is wat handel, is 'n tussenganger nie nodig nie, en God ís net een."

gelees word.[43] Hierdie middelaarskap word duidelik as 'n uitgediende praktyk beskou – 'n praktyk wat vervang is toe God sy eie Seun gestuur het. Daarom sê Paulus in reaksie hierop: "Maar as daar net één is wat handel, is 'n tussenganger nie nodig nie, en God is net een" (ὁ δὲ μεσίτης ἑνὸς οὐκ ἔστιν, ὁ δὲ θεὸς εἱς ἐστιν) (Gal.3:20).

Dit is opmerklik dat die middelaarskap van Christus ook voorgehou word as die enigste manier om die etiese ideale van daardie tyd te bereik:

* Deur die Seun het God die uitverkorenes "heilig sonder smet en onberispelik voor Hom gestel" (ἁγίους καὶ ἀμώμους καὶ ἀνεγκλήτους κατενώπιον αὐτοῦ) (Kol. 1:22).
* "In Christus is die volle wese van God beliggaam en in verbondenheid met Hom deel die gelowiges in daardie volheid" (ὅτι ἐν αὐτῷ κατοικεῖ πᾶν τὸ πλήρωμα τῆς θεότητος σωματικῶς, καὶ ἐστὲ ἐν αὐτῷ πεπληρωμένοι) (Kol. 2:9-10).

Die Kolossensebrief sluit ook aan by die gedagte van die dwaalleraars dat die verhouding met 'n goddelike element die eis van groei en verbetering aan die mens stel:

* "Uit Christus groei die hele liggaam ... soos God dit laat groei" (ἐξ οὗ πᾶν τὸ σῶμα ... αὔξησιν τοῦ θεοῦ) (2:19).
* Die gelowige leef die lewe van die nuwe mens wat "al hoe meer vernuwe word na die beeld van sy Skepper" (τὸν ἀνακαινούμενον ... κατ' εἰκόνα τοῦ κτίσαντος αὐτόν) (3:10).

Teenoor die 'skaduleer' van selfvervullingsteorieë stel Paulus dat die "hoop op heerlikheid" (ἡ ἐλπὶς τῆς δόξης) die vervulling met Christus is (1:27). Die gelowige kort ook kennis, insig en wysheid, maar al hierdie "verborge skatte van kennis en wysheid" (πάντες οἱ θησαυροὶ τῆς σοφίας καὶ γνώσεως ἀπόκρυφοι) is in Christus te vinde (2:3).

---

43 "En so is dit ook met ons. Toe ons nog geestelik onmondig was, was ons slawe van wettiese godsdienstige reëls. Maar toe die tyd wat God daarvoor bepaal het, aangebreek het, het Hy sy Seun gestuur."

## 4.3 Boodskap ten opsigte van die teologie

Die teologie het in die eerste-eeuse lewens- en wêreldbeskouing nie as 'n afsonderlike wetenskap bestaan nie: dit was deel van fisika wat die verklaring van die hele kosmos (natuurlik en bonatuurlik) as doel gehad het. Op grond van hierdie siening het die kosmologie 'n groot invloed op die godsdiens gehad, en moet die godsdiens van die dwaalleer in Kolosse ook in die lig van die heersende kosmologieë verstaan word.

In die kontekstualiseringstrategie wat die skrywer van die Kolossensebrief volg, wys hy nie die band tussen kosmologie en godsdiens af nie. Hy sluit selfs in 'n mate aan by die panteïstiese trekke van die kosmologieë van daardie tyd deur 'n immanensie van die Goddelike te leer: "Christus is in julle" (Χριστὸς ἐν ὑμῖν) (1:27). Christus word in destydse kosmologiese terme as die oorsprong van die kosmos (1:15-17)[44] midde in die ervaringswêreld van die dwaalleraars van Kolosse geplaas.

Deur hierdie strategie te volg, ontbloot Paulus die ware karakter van die (moontlik) panteïstiese godsdiens van die dwaalleer in Kolosse as "skaduwee"-agtig (ἅ ἐστιν σκιὰ τῶν μελλόντων) (2:17), "selfgemaak" (ἐθελοθρησκίᾳ) en "waardeloos" (ἀφειδίᾳ) (2:23). Daarteenoor erken die ware godsdiens Christus as "Hoof" (κεφαλήν) (2:19) en lewe sy volgelinge "in verbondenheid met Hom, in Hom gewortel, op Hom gebou, vas in die geloof, en met dankbaarheid vervul" (ἐν αὐτῷ περιπατεῖτε, ἐρριζωμένοι καὶ ἐποικοδομούμενοι ἐν αὐτῷ καὶ βεβαιούμενοι {ἐν} τῇ πίστει καθὼς ἐδιδάχθητε, περισσεύοντες ἐν εὐχαριστίᾳ) (2:6-7).

Hierdie kontekstualiseringstrategie toon ook groot moontlikhede ten opsigte van die Woordbediening in 'n samelewing waar die *New Age*-Beweging aktief is. Χριστὸς ἐν ὑμῖν (1:27) kan 'n waardevolle

44 "Die Seun is die beeld van God, van God wat self nie gesien kan word nie. Die Seun is die Eerste, verhewe bo die hele skepping. God het deur Hom alles geskep wat in die hemel en op die aarde is: alles wat gesien kan word en alles wat nie gesien kan word nie, konings, heersers, maghebbers, gesagvoerders. Alles is deur Hom en vir Hom geskep. Voor alles was Hy al daar, en deur Hom bly alles in stand, Hy is die hoof van die liggaam, van die kerk. Hy is die oorsprong daarvan. Hy is die Eerste, die Een wat uit die dood opgestaan het, sodat Hy die eerste plek in die heelal inneem."

aanknopingspunt wees in 'n lewens- en wêreldbeskouing wat vas glo aan die immanensie van die goddelike.

Bostaande aanknopingspunt is van die uiterste belang omdat die res van die Christelike teologie eers kan voortvloei vanuit die erkenning van die werklikheid van Jesus Christus. 'n Ware soteriologie is byvoorbeeld ondenkbaar sonder die erkenning van die werklikheid van Christus. Vanuit die werklikheid van Jesus Christus en die gerealiseerde werklikheid van sy verlossing (2:14; 20)[45] kry die selfverlossing- en selfverbeteringskemas van die dwaalleer in Kolosse en die *New Age*-Beweging 'n skaduagtige karakter (2:17).[46]

Ook die moontlike sinkretistiese neigings van die dwaalleer word volgens hierdie strategie gehanteer. Hierdie neigings word eers gekritiseer (2:19)[47] nadat uitvoerig oor die genoegsaamheid van Christus gehandel is. Die skrywer se uitgangspunt is dus nie in die eerste plek dat sinkretisme nie *mag* nie, maar dat dit vanuit die werklikheid van Jesus Christus nie *hoef* nie.

Dieselfde benadering kan ook vandag ten opsigte van die *New Age*-Beweging gevolg word. Hulle sinkretisme behoort eers *verkeerd* verklaar te word nadat dit uit die werklikheid van Christus as *onnodig* verklaar is. Die oplossings wat hulle op vraagstukke soos rasionalisme, sciëntisme, tegnisisme, dualisme, materialisme, omgewingsbesoedeling ensovoorts gee, moet gekritiseer word deur dit vanuit die werklikheid van Christus, en die antwoorde wat Hy op hierdie vraagstukke gee, te relativeer.

Al sou daar dus (soos Van Wyk [1992:169-185] en Jordaan [1992:18-203] oortuigend aantoon) ingrypende verskille tussen die eskatologiese verwagting van die *New Age*-Beweging en die Bybel wees, dien die benadering wat genoemde skrywers volg, oënskynlik geen ander doel as

45 "Hy het die skuldbewys met sy eise teen ons tot niet gemaak. Deur dit aan die kruis te spyker, het Hy dit vir goed weggeneem." ... "Julle het saam met Christus gesterwe en is dus dood vir die wettiese godsdienstige reëls van hierdie wêreld."

46 "Dit is alles maar net die skaduwee van wat sou kom; die werklikheid is Christus."

47 "... en hy hou nie aan die hoof, aan Christus, vas nie".

'selfregverdiging' nie. Die kontekstualiseringstrategie wat die skrywer van die Kolossensebrief volg, suggereer 'n meer produktiewe benadering. Volgens hierdie strategie moet, soveel as moontlik in *New Age*-terme, vanuit die werklikheid van Christus as gerealiseerde eskatologie, antwoorde gegee word op *New Age*-vraagstukke. Eers dan bestaan die moontlikheid dat die aanhangers van die *New Age*-Beweging self die skadukarakter van hulle leer sal insien.

## 5. Slot

Die kontekstualiseringstrategie wat die skrywer van die Kolossensebrief op die dwaalleer in Kolosse toepas, kan dus effektief op 'n hedendaagse konteks toegepas word deur die boodskap van Jesus Christus te konkretiseer.

Die vraag hoe Christus, wat so absoluut is, kontekstueel verkondig kan word, moet dus vanuit die omvattende en insluitende werklikheid van Christus beantwoord word. Terselfdertyd is hierdie kontekstuele verkondiging egter nie iets wat vanselfsprekend en buite die eksegeet om geskied nie. In die Kolossensebrief geskied verkondiging volgens 'n destyds bekende en aanvaarde kontekstualiseringstrategie.

Volgens hierdie strategie geskied die verkondiging van die werklikheid van Christus binne die werklikheid van 'n bepaalde konteks. Die werklikheid van Christus maak erns met die werklikheid van die betrokke konteks. Ook konfronteer die werklikheid van Christus daardie konteks en dit gee nuwe antwoorde op die sosiale en lewensbeskoulike vraagstukke daarvan. Deur die kontekstualiseringstrategie wat in die Kolossensebrief gebruik word te volg, kan die beslaglegging van Christus op elke konteks aangetoon word deur Hom in terme van die unieke probleme van daardie konteks te verkondig.

## Bibliografie


ANON. 1988. Die *New Age*: Wat is dit? *Die Kerkblad*, 91(2797):38, Julie 13.

ARKEMA, J. 1988. Is the "New Age" New? *Inter Nos*, 29(4):76-79.

BAER, R.N. 1989. Inside the New Age Nightmare. Tyler : Thoburn.

BAILEY, A.A. 1948. The Reappearance of Christ. New York : Lucis.

BEVAN, E. 1965. Stoics and Sceptics. Four lectures delivered in Oxford during Hilary term 1913 for the Common University Fund. Cambridge : Heffer & Sons.

BORNKAMM, G. 1952. Die Häresie des Kolosserbriefes. *Theologische Literaturzeitung*, 1(1):11-20.

BRENK, F.E. 1977. In Mist Apparelled. Religious Themes in Plutarch's *Moralia* and *Lives*. Leiden : Brill.

CUMBEY, C. 1983. The Hidden Dangers of the Rainbow. The New Age Movement and the Coming Age of Barbarism. Louisiana : Huntington House.

DE BRUYN, P.J. 1992. Die *New Age*-Beweging – oorsig en beoordeling. *In die Skriflig*, 26(2):151-168.

DIOGENES LAERTIUS. Lives and Opinions of Eminent Philosophers. Vol. I. (The Loeb Classical Library). London : Heinemann. 1950.

DIBELIUS, M. 1927. An die Kolosser, Epheser, an Philemon. Handbuch zum Neuen Testament. Band X. Fazikel 1. Freiburg : Herder.

EDELSTEIN, L. 1936. The Philosophical System of Posidonius. *American Journal of Philology*, 57:286-325.

EMPEDOKLES. Fragment 6. (Allen, Greek philosophy: Thales to Aristotle). New York :The Free Press. 1966.

FOWLER, S. 1990. The New Age: Threat or Challenge. (*In* Van der Walt, B.J., Fowler, S. & Venter J.J., *reds*. Die *New Age*-Beweging. Wetenskaplike Bydraes van die PU vir CHO. Reeks F1: IRS-studiestukke. No. 273/274. Potchefstroom : PU vir CHO. p. 32-51.)

GNILKA, J. 1980. Der Kolosserbrief. Herders Theologischer Kommentar zum Neuen Testament. Band X. Fazikel 1. Freiburg : Herder.

GROOTHUIS, D. 1986a. Unmasking the New Age. Illinois : Intervarsity Press.

GROOTHUIS, D. 1986b. The New Age Movement. Illinois : Intervarsity Press.

GROOTHUIS, D. 1988. Confronting the New Age. How to Resist a Growing Religious Movement. Illinois : Intervarsity Press.

HAWKEN, P. 1975. The Magic of Findhorn. Glasgow : Fontana.

HEINEMANN, I. 1968a. Poseidonios. Metaphysische Schriften, I. Hildesheim : George Olms.

HEINEMANN, I. 1968b. Poseidonius. Metaphysische Schriften, II. Hildesheim : George Olms.

JAEGER, W.W. 1913. Das Pneuma in Lykeion. *Hermes*, 48:53, 54.

JANSE VAN RENSBURG, J.J. 1988. Christus se prediking aan die geeste in die gevangenis – 1 Pet. 3:19. (*In* Coetzee, J.C., *red.* Koninkryk, Gees en Woord. Huldigingsbundel aangebied aan prof. L. Floor by sy emeritaat as professor in Nuwe Testament aan die Teologiese Skool, Potchefstroom en die Fakulteit Teologie van die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys. Pretoria : NG Kerkboekhandel. p. 55-69.)

JORDAAN, G.J.C. 1992. God se nuwe wêreld as antwoord op die *New Age*-Beweging. *In die Skriflig*, 26(2):187-203.

LEONARD, G. 1981. The Silent Pulse. New York : Bantam.

LOHSE, E. 1964. σάββατον, σαββατισμός, παρασκευή. (*In* Kittel, G., *ed.* Theological Dictionary of the New Testament. Vol. VII. Grand Rapids : Eerdmans. p. 1-34.)

MACLAINE, S. 1985. Dancing in the Light. New York : Bantam.

MARRS, T. 1987. Dark Secrets of the New Age. Westchester : Good News Publishers.

MARTIN, R.P. 1972. Colossians: The Church's Lord and the Christian Liberty: An Expository Commentary with a Present-Day Application. Exeter : Paternoster.

MARTIN, W. 1989. Die Nuwe Era kultus. Roggebaai : Struik Christelike Boeke.

MATRISCIANA, C. 1985. Gods of the New Age. Eugene : Harvest House.

MEEKS, W.A. 1986. The Moral World of the First Christians. Philadelphia : Westminster Press.

O'BRIEN, D. 1969. Empedocles' Cosmic Cycle. A Reconstruction from the Fragments and Secondary Sources. Cambridge : University Printing House.

PHILO, Judaeus. Quis Rerum Divinarum Heres. Vol. IV. (The Loeb Classical Library). London : Heinemann. 1950.

POKORNY, P. 1987. Der Brief des Paulus an die Kolosser. Theologischer Handkommentar zum Neuen Testament. X/1. Berlin : Evangelische Verlaganstalt.

RIDDERBOS, H. 1971. Paulus, ontwerp van zijn theologie. Kampen : Kok.

RITSCHL, A. 1900. Die Christliche Lehre von der Rechtfertigung und die Versöhnung. Band 2. Bonn : Marcus & Weber.

ROBERTS, J.H. 1988. Die bedreiging van die gemeente in Kolosse. *Hervormde Teologiese Studies*, 44(4):812-828.

SASSEN, F. 1949. Geschiedenis van de wijsbegeerte der Grieken en Romeinen. Nijmegen : Dekker & Van de Vegt.

SCHLIER, H. 1949. Der Brief an die Galater. Göttingen : VandenHoeck & Ruprecht.

SCHULZE, L.F. 1989. *New Age*: Herlewing van die "old age". *In die Skriflig*, 23(4):48-59.

SCHULZE, L.F. 1992. Die teosofie as voorloper van die *New Age*-Beweging. *In die Skriflig*, 26(2):133-149.

SCHWEIZER, E. 1970. Die "Elemente der Welt" Gal. 4:3, 9; Kol. 2:8, 20. (*In* Böcher, O. & Haacker, K., *Hrsg.* Verborum Veritas. Festschrift für Gustav Stahlin zum 70. Geburtstag. Wuppertal : Rolf Brockhaus. p. 245-259.)

SIRE, J.W. 1988. Shirley Maclaine and the New Age Movement. Illinois : Intervarsity Press.

SPIER, J.M. 1959. Van Thales tot Sartre. Wijsgeren uit de oude en nieuwe tijd. Kampen : Kok.

SPRÄNGLER, D. 1978. Reflection on the Christ. Moray : Findhorn.

SPRÄNGLER, D. 1984. The Rebirth of the Sacred. London : Gateway.

VAN DER WALT, B.J. 1990. Die "New Age"-Beweging: 'n Onskuldige eksentrisiteit, nuwe hoop, demoniese sameswering of duidelike uitdaging vir die Christen? (*In* Van der Walt, B.J., Fowler, S. & Venter J.J., *reds.* Die "New Age"-Beweging. Wetenskaplike Bydraes van die PU vir CHO. Reeks F1: IRS-studiestukke. No. 273/274. Potchefstroom : PU vir CHO. p. 1-31.)

VAN DER WATT, J.G. 1988. Christus is julle hoop. Die brief aan die Kolossense – 'n Semantiese redevoeringsanalise. Universiteit van Pretoria Teologiese Studies. No. 5. Pretoria : NG Kerkboekhandel.

VAN WYK, J.H. 1992. Eskatologie en utopie. Bybelse en *New Age*-toekomsverwagting. *In die Skriflig*, 26(2):169-185.

VENTER, J.J. 1990. 'n Filosofiese perspektief op die New Age-Beweging. (*In* Van der Walt, B.J., Fowler, S. & Venter J.J., *reds.* Die "New Age"-Beweging. Wetenskaplike Bydraes van die PU vir CHO. Reeks F1: IRS-studiestukke. No. 273/274. Potchefstroom : PU vir CHO. p. 51-79.)

VERGEER, W.C. & JANSE VAN RENSBURG, J.J. 1994. Die dwaalleer in Kolosse. 'n Konstruksie van die waarskynlike sosio-historiese en filosofiese konteks. *In die Skriflig,* 28(1):1-23.

VORLäNDER, K. 1971. Geschiedenis van de wijsbegeerte. Deel I. Oudheid. Utrecht : Het Spectrum.

ZEILINGER, F. 1974. Der Erstgeborne der Schöpfung: Untersuchungen zur Formalstruktur und Theologie des Kolosserbriefes. Wien : Herder.